

Saterdag 2 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:1-4

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:1-4

Die verlossing van Christus dring ons om aan die evangelie vas te hou

Hoofstuk 1 het aan ons die bevestiging gebring dat Christus die vervulling van die profesieë is, en in Hom vind die volle openbaring van God plaas. Hierdie hoofstuk dien dan as motivering vir wat nou verder in hierdie vier verse na vore kom. Ons word opgeroep om aan die Woord van die Here vas te hou.

As ons die heerlikheid van Christus begryp soos hoofstuk 1 dit vir ons uiteensit, moet ons tog ag gee op die evangelie wat Hom aan ons verkondig. As dit egter sou gebeur dat ons wegdrywe, sal ons verlore gaan omdat ons nie vashou aan die waarheid wat aan ons verkondig word nie. Die bedoeling van die vers is om ons te bring tot 'n volstreekte gehoorsaamheid aan die Woord van God. Die boodskap van die evangelie moet deel word van ons lewens en nie net deur ons vloei terwyl niks agterbly nie.

As verdere motivering word die vergelyking getref dat as die woord van die engele dan vasstaan, hoeveel te meer die Woord wat uit die mond van God kom? Die evangelie bring aan ons die boodskap van versoening en verlossing deur Christus bewerk. As ons dit sou verontagsaam, hoe sou ons dan die straf en toorn van God in ons lewens kon ontvlug? Dit is Calvyn wat gesê het dat as Christus so groot is, dan sal die straf van God net so groot wees as teenoor dié wat sy evangelie verwerp.

Dit is deur die verkondiging van die evangelie dat God sy heil bewerk. Hy gebruik die evangelie om sy wil aan sy kinders te bring en die verwagting is dat ons dit moet gehoorsaam. Die bevestiging van al hierdie dinge vind plaas deur die wonders en tekens wat Christus gedoen het, en ook die apostels.

Ons as uitverkore kinders van die Here kan nie anders as om die evangelie wat aan ons gegee is, te aanvaar en gehoorsaam nie. Ons moet dit doen, anders dwaal ons af en kan moontlik as gevolg daarvan verlore raak. Hou vas aan die Woord van God en weet dat God jou daarin sal seën en lei.

Sing: Skrifberyming 12-2:1

Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)